Skriflesing: Filippense 1:1-8 en 2:12-13

Fokusvers: Filippense 1:6

Tema: Wees bly oor die goeie werk wat God in jou sal volbring deur met eerbied en ontsag te lewe!

Twee weke terug het ons afgesluit met ons reeks preke uit Genesis 49. Ons het na die seën op Benjamin gekyk en gehoor dat ons moet bekeer van ons sondes en dat ons na God toe moet vlug. Na die tyd het iemand vir my gevra "hoe doen ek dit"? Want dikwels, wanneer ons wil ophou om sonde te doen, beleef ons in werklikheid mislukking. Ons probeer en probeer en elke keer het ons die voorneme om nie weer sonde te doen nie, maar elke keer val ons maar net weer.

Elke keer, wanneer ons as mense probeer om nie sonde te doen nie of om met `n slegte gewoonte te breek, val ons; kry ons dit nie reg nie en raak ons in werklikheid al hoe meer moedeloos. Dalk is dit hoekom van ons dit moeilik vind om te sien dat ons geloof in werklikheid `n massiewe bron van vreugde en blydskap moet wees. Vir ons as christene is dit baie keer moeilik om bly en gelukkig te wees oor ons geloof, want ons koppel ons geloof aan mislukkings - ek kan net eenvoudig nie breek met die verkeerde dinge in my lewe nie.

Hoe kon Paulus dit dan reg kry om hier in Filippense te skryf en te praat oor vreugde en blydskap ten spyte van die feit dat hy in die tronk was en al die slegte dinge wat met hom gebeur het toe hy in Filippi was? Regdeur die brief Filippense kry ons verskillende redes wat Paulus vir ons gee en hier in Filippense 1:6 vind ons die eerste rede vir Paulus se blydskap: "Ek is veral daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom." Die feit dat God die goeie werk, wat Hy begin het, sal klaar maak veroorsaak dat Paulus só onbeskryflik bly is in die Here.

Maar wat is hierdie goeie werk? Wanneer mens hierdie gedeelte die eerste keer lees, klink dit of die goeie werk waarvan Paulus praat, in vers 5 vir ons genoem word. Dit is dat die gemeente in Filippi van die eerste dag af saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie. Dit klink dus asof die gemeente se sendingwerk hierdie "goeie werk" is. Hierdie is egter `n baie ongelukkige vertaling, want as mens mooi gaan lees, hoor ons dat die "saamgewerk" in werklikheid eerder "deel hê" beteken. Die woord wat hier in die Grieks gebruik word, is die woord *koinonia* - of gemeenskap soos ons dit vertaal. Hierdie "saamgewerk aan die evangelie" is dus eintlik "deel hê aan die evangelie" en kan dus nie die "goeie werk" wees waarvan Paulus praat nie.

Hierdie goeie werk word eintlik vir ons beskryf in Filippense 2:13 waar daar staan dat dit God is wat ons gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer en om as verloste mense te lewe. Hierdie goeie werk is dus iets wat God vir ons, in ons en deur ons doen. Dit is dié dinge waardeur God ons verloste mense maak, sodat ons as verloste mense kan leef. Hierdie goeie werk is dus die proses waardeur God ons sy kinders maak en waardeur Hy ons heilig maak. Die groot naam vir hierdie proses is in werklikheid "Die Weg tot Saligheid" of "Die Heilsorde"!

Die werk wat God dan vir ons doen, is ons uitverkiesing, roeping, wedergeboorte, geloof, regverdigmaking en bekering. Die werk wat God in ons doen, is dan heiligmaking en volharding. Die werk wat God deur ons doen is al die goeie dinge wat ons doen bloot omdat ons gehoorsaam aan

God is. As ons hierdie heilsorde moet saamvat, kan ons sê dat die werk wat God vir ons doen, vir ons in Jesus Christus gedoen is en die werk wat God in ons doen, deur die Heilige Gees in ons gedoen word.

Juis dit is die rede vir Paulus se blydskap: God doen alles vir ons in en deur Jesus Christus! Dit is in Jesus Christus wat Hy ons uitverkies het nog voordat die wêreld gemaak was. Dit is in en deur Jesus wat ons weer in `n verhouding met God kan staan, omdat Hy ons sondes gedra het en vir ons sondes gesterf het. Dit is Christus wat aan ons die Heilige Gees gee en wat die Heilige Gees stuur om in ons te werk. Dit is die Heilige Gees, deur Jesus Christus gestuur, wat die boodskap van die evangelie in ons laat werk, wat aan ons die geloof gee om vas te gryp aan God en wat ons laat omdraai en bekeer.

Bekering is op die einde iets wat God in ons doen deur die Heilige Gees wanneer ons in gebed na God toe vlug met eerbied en ontsag vir wie God is en wat Hy vir ons gedoen het in en deur Jesus Christus. God doen die goeie werk vir ons in Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het en die dood oorwin het.

Maar God doen ook die goeie werk in ons deur die Heilige Gees. Hier praat ons van heiligmaking en volharding. Om heilig te wees en om deur die Heilige Gees heilig gemaak te word, beteken nie dat ek in `n klooster moet bly en niks met die wêreld te doen moet hê nie. Om heilig te wees is om in hierdie wêreld só te leef, dat dit duidelik sal wees dat die Heilige Gees in my woon en dat Hy my lewe bepaal. Dit beteken dat ek met eerbied en ontsag aanhou om in gebed te smeek dat ek sal besef en verstaan dat God in my woon, dat ek sal besef wat dit beteken dat die Heilige Gees in my werk en dat dit Heilige Gees is wat my krag gee om aan te gaan om vir God te lewe.

Tog lê Paulus en ons blydskap nie net in die feit dat God só wonderlik vir ons en in ons werk nie. Dit lê ook daarin dat God met ons besig is. Hierdie is `n proses waardeur God elke dag met ons besig is en waarin Hy elke dag vir ons die genade gee om te weet dat Hy elke dag met my besig is. Dit is `n proses wat langer is as bloot net ons aardse lewe. Die ewige lewe is die eindstreep en God hou aan om elke dag met ons te werk tot op die dag wat Jesus Christus weer kom. Want só seker as wat Jesus Christus weer kom, net só seker werk God vir ons en in ons!

God is nie `n mens nie. Hy begin nie iets net om dit later weer te stop nie. Hy hou aan en aan en maak dit klaar waarmee Hy begin het. Psalm 138:8 sê hierdie waarheid só mooi in die vorm van `n wens: "Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie." God sal ook nie!

Maar wat moet ek dan doen? Paulus gee vir ons die antwoord in Filippense 2:12-13. Daar staan dat ons ons met eerbied en ontsag daarop moet toe lê om as verloste mense te lewe. Om met eerbied en ontsag dit te doen, beteken in werklikheid dat ek al hoe meer onder die indruk moet kom van God se grootheid en goedheid. Wanneer ek elke dag besig is om op verskillende maniere te besef hóé wonderlik en groot God is, as ek elke dag meer en meer besef waarmee God besig is in my lewe, dan kan ek nie anders nie as om met eerbied en ontsag te lewe nie! Eerbied en ontsag is dus om God al hoe beter te leer ken en verwonderd te staan oor wie Hy is.

Mag elkeen van ons hierdie blydskap ontdek - ware, geloofsblydskap oor die feit dat God die goeie werk wat Hy in ons begin het sal voltooi op die dag wat Jesus Christus kom! Lê jou daarom met eerbied en ontsag toe om God beter te leer ken!

Amen